

**BENODIGDHEDE**

Tridalia Nr. 8-hekelgare, ongeveer 100 g; hekelpen van 1,25 mm.

**MATE**

Een vierkantige motief is ongeveer 9 x 9 cm; die voltooide kleedjie plus omranding is ongeveer 42 x 42 cm groot.

**AFKORTINGS**

ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spatie(s); gs – glipsteek; herh – herhaal; tr – trossie: 5 onafgewerkte langbene saam afgewerk; p – picot: 3ks, gs in 1e ks.

**AANWYSINGS**

Die kleedjie bestaan uit 16 klein vierkante wat telkens in die laaste rondte aan die vorige(s) vasgehekel word. Daarna word dit met 'n omranding afgewerk.

Elke rondte begin met 3ks in plaas van die eerste lb.

**EERSTE VIERKANT**

Beg met 8ks, sluit-gs.

**1e rondte:** 16lb in ring, sluit-gs.

**2e rondte:** \*1lb in lb, 2ks; herh rondom, sluit-gs. Gs tot in vlg sp.

**3e rondte:** \*1tr in sp, 3ks; herh rondom, sluit-gs.

**4e rondte:** \*(1kb, 3ks) in elk van vlg 3 sps, 1kb, 13ks, 1kb in vlg sp; herh van \* nog 3 keer, maar eindig met sluit-gs.

**5e rondte:** \*(1tr in vlg 3ks-sp, 3ks) 2 keer, 1tr in vlg sp, 4ks, (5lb, 5ks, 5lb) in hoek-sp, 4ks; herh van \* rondom, sluit-gs.

**6e rondte:** \*1tr in sp, 3ks, 1tr in vlg sp, 4ks, 3lb in 4ks-sp, 5lb in vlg 5lb, (3lb, 5ks, 3lb) in hoek-sp, 5lb in vlg 5lb, 3lb in vlg sp, 4ks; herh van \* rondom, sluit-gs.

**7e rondte:** \*1tr in sp, 4ks, 3lb in vlg sp, 6lb in vlg 6lb, 7ks, (1kb, 9ks, 1kb) in hoek-sp, 7ks, slaan 5lb van vorige rondte oor, 6lb in 6lb, 3lb in sp, 4ks; herh van \* rondom, sluit-gs.

Die vierkante word aan mekaar vasgehekel by 5e ks van 9 hoek-ks; 4e van 7ks; 2e van 4ks aan weerskante van tr; 4e van 7ks, 5e van 9 hoek-ks. Dit word só gedoen: Trek hekelpen uit laaste steek, tel st weer op, gare om hekelpen en trek deur albei steke.

Die tweede vierkant word by laaste rondte aan eerste vasgeheg, en so voort.

**OMRANDING**

**1e rondte:** Begin in een van die vier hoek-sps met: \*(5lb, 5ks, 5lb), \*3ks, 4lb in 7ks-sp, 9lb in vlg 9lb, 4ks, 1kb in tr, 4ks, 9lb in vlg 9lb, 4lb in 7ks-sp, (3ks, 5lb in sp) 2 keer, herh van \* tot \* rtoeg 3 keer, 3ks, herh van \*\* nog 3 keer, sluit-gs.

**2e rondte:** \*\*1kb in eerste van 5lb,

# 'n Pragkleedjie vir jou tooitafel

'n Mooi stukkie hekelwerk, in ligpienk of watter kleur jy ook al verkies, is uitgeknipt om jou spieëltafel te verfraai

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN  
patroon verwerk en gehekel deur SARIE FREEMAN  
foto MARIAM GILLAN  
foto geneem by VICTORIAN AVANT GARDE



3ks, 1kb in 5e lb, 3ks, (1kb, 3ks) 2 keer in 5ks-hoek-sp, \*1kb in 1e lb, 3ks, 1kb in 5e lb, 3ks, 1kb in 1e lb, (3ks, slaan 3 ste oor, 1kb in vlg st) 3 keer, (3ks, 1kb in sp) 2 keer, 1kb in 1e lb, (3ks, slaan 3 ste oor, 1kb in vlg st) 3 keer, 3ks; herh van \* oor een syrand en van \*\* rondom, sluit-gs.

**3e rondte:** gs oor 3ks tot in vlg 3ks-sp van hoek: \*(1tr, 3ks) in 2sps, 1tr in

Dié vierkantige ligpienk kleedjie bestaan uit 16 vierpunt-sterblokkies gehekel van Coats Tridalia Nr. 20.

vlg sp, 7ks, slaan een sp oor, (tr in vlg sp, 7ks, slaan 1 sp oor) 27 keer; herh van \* rondom, sluit-gs.

**4e rondte:** (2lb, 2ks, 1 picot, 2ks, 2lb) in elk sp rondom, sluit-gs. Knip gare af en heg netjies af.